



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die honger hasie deur Anna Emm

Daar was eenmaal 'n hasie wat altyd honger was. Maak nie saak hoeveel kos hy geëet het nie, hy was altyd, altyd lus vir nóg. Elke dag gaan soek die honger hasie saam met die ander hasies na kos in die veld. Maar vandag kla hy vreeslik: "Hierdie ou grassies en bessies wat ons in die veld kry is nie genoeg vir my nie! Ek is nog honger!"

"Jy eet te veel, Honger Hasiel!" raas die ander hasies. "Kyk net waar staan jou magie al. Jy gaan nog in die moeilikheid kom omdat jy altyd honger is, hoor jy?"

Maar die honger hasie steur hom nie aan die ander nie. Sy magie grom en al waaraan hy kan dink is kos. Hy hop-hop weg om op 'n ander plek te gaan soek na iets om te eet. Hy wip onderdeur die heining en bo-oor die polle, en na 'n rukkie kom hy by 'n plaashek. Dis die boer se plaas, en al die hasies weet dat hulle nie dáár mag ingaan nie! Maar die honger hasie is te honger om mooi te dink, en hy kruip sowaar onderdeur die plaashek tot binne in die boer werf!

Op die hoek van die werf is 'n tuintjie, en die hasie hop vinnig soontoe. Daar is 'n draadheining om die tuintjie gespan, maar die honger hasie kry 'n gat – net groot genoeg vir hom om versigtig deur te kruip! Hy wikkel en wikkel tot hy binnekant is. En dan rek sy ogies groot, want voor hom is die wonderlikste lekkernye! Daar is rye en rye wortels in die grond geplant, en kool en radyse en beet! Net daar spring die honger hasie weg, en hy eet en hy eet en hy eet! Die wortels is heerlik soet, en die hasie eet hom knuppeldik daaraan. Hy eet tot hy nie meer kan nie, en dan eet hy nog so 'n bietjie.

Na 'n rukkie is die honger hasie só vol, dan hy nie meer kan regop staan nie. Hy kan net sit en staar. Maar o liewe land! Net toe kom die boer se kwaai hond daar aan! Hy het die hasie geruik, en nou blaf hy gevaarlik by die groentetuin se draad! Die honger hasie is benoud, en hy wil deur die gat kruip om te vlug, maar o aarde... sy maag is heeltemal te groot en te dik om deur die gat te gaan! Hy kan nie uit nie! Die ander hasies was reg – nou hét sy honger magie hom in die moeilikheid gebring!

Die hond blaf en blaf, en die boer kom aangehardloop. Toe hy die gemors in sy groentetuin sien, is hy sommer lus om die hasie se nek om te draai! Hy sou dit ook gedoen het, maar net toe kom die boer se seuntjie daar aan en tel die vet hasie op. "Hy was net honger, Pappa," sê die seuntjie. "Moenie hom seermaak nie."

En raai 'n bietjie wat gebeur toe met die honger hasie? Die boer se seuntjie vat hom vir sy troeteldiertjie! Van daardie dag af het hy elke dag soveel soet wortels en ander eetgoed gekry soos hy wou hê, en hy was nooit weer honger nie. En niemand het omgee dat sy magie so bietjie groot was nie.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Die honger hasie

illustrasie deur Elanie Bieldt

